basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE	

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2012
GRAAD 2 AFRIKAANS HUISTAAL
TOETS

PUNTE: 20

TYD: 1 uur

PROVINSIE _____

STREEK _____

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL _____

NASIONALE OBIS-NOMMER (9 syfers)

KLAS (bv. 2A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN		DOGTER	

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D

* 2 A F H L *

Hierdie toets bestaan uit 8 bladsye, die voorblad uitgesluit.

Nota aan onderwyser:

Lees elke vraag ten minste twee keer **stadig en duidelik** aan die leerders voor, terwyl die leerders in hulle boeke volg. Gee die leerders kans om die antwoorde **onafhanklik** in die spasie in te vul. Sodra hulle klaar is, lees die volgende vraag aan hulle voor. Volg dieselfde prosedure tot by die laaste vraag. Die duur van die toets is 60 minute.

Praktiese oefeninge

1. **Omkring die woord wat by die prent jie pas.**



kat	hond	hen	(koei)

2. **Plaas 'n X in die korrekte blokkie**



Dit is 'n ...

kat	rot	hond X	koei

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die storie en beantwoord vrae 1 tot 6.

Vuyo bly op 'n plaas saam met sy pa, ma en broer, Bongi. Hy geniet die plaaslewe, want daar is baie prettige dinge op die plaas om te doen. Hy geniet dit ook om skool toe te gaan.

Vrydagoggend het Vuyo skool toe gestap, saam met sy beste maatjie, Ann. Hulle is albei in graad 2. Na skool, het hulle boom geklim en die hoenders gejaag. Toe Ann huis toe gaan, het Vuyo sy broer gehelp om die boerbokke te voer. Na 'n rukkie het sy ma hom geroep om sy hande te gaan was. Dit was etenstyd en amper slapenstyd.

Die volgende dag sou hy sy pa gaan help om die koeie te melk. Hy was baie opgewonde omdat hy daarvan hou om warm melk te drink.

1. **Maak 'n X in die korrekte blokkie.**

   Kies die beste naam vir die storie.

Vuyo op die plaas.	
Vuyo jaag die hoenders.	
Vuyo klim boom.	
Vuyo voer die boerbokke.	

2. **Maak 'n X in die korrekte blokkie.**

Wie is Vuyo se maat jie in die storie ?

Pa	
Bongi	
Ma	
Ann	

3. **Voltooi die sin.**

Waar woon Vuyo?

Vuyo woon .....

4. **Nommer die sinne van 1 tot 4 in die blokkies.**
Dui die korrekte volgorde van gebeure in die storie aan.

Vuyo en Ann het boom geklim.	
Sy ma het hom na binne geroep.	
Vuyo stap skool toe.	
Hy het die boerbokke gehelp voer.	

5. **Maak 'n X in die korrekte blokkie.**

Waarom het sy ma hom geroep? Sy het hom geroep om ...

die boerbokke te voer.	
sy boek te lees.	
sy hande te was.	
die koeie te melk.	

6. **Maak 'n X in die korrekte blokkie.**

Waaroor was Vuyo opgewonde? Hy was opgewonde, omdat ...

hy sou gaan boomklim.	
hy lief was vir warm melk.	
hy sy maat jie son sien.	
hy sou gaan hoenders jaag.	

7. **Kies 'n woord uit die blokkies hieronder.**

Skryf die korrekte woord op die lyn hieronder.

weg	aangekom	verlaat	gaan

'n Ander woord vir "gearriveer" is .....

8. **Skryf die korrekte antwoord op die lynt jie hieronder.**

Wat is die teenoorgestelde van jonk? .....

9. **Plaas 'n X oor die korrekte woord om die volgende sin te voltooi:**

Dit was hulle

een	eerste	eenste

besoek aan Polokwane.

10. **Kies die korrekte woord uit die blokkies hieronder.**

Skryf jou antwoord op die lynt jie hieronder.

Waar is die man?

bo-op	op	agter	onder



Die man ry ..... die seun.

11. **Skryf die sinne hieronder oor, maar begin met die gegewe woorde.**

11.1 Die kinders speel in die huis.

Gister .....

11.2 Hulle het dorp toe gegaan.

Môre .....

12. Kyk na die kalender hieronder. Beantwoord dan die vrae.

September						
So.	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sa.
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30						

12.1 Kies die korrekte getal uit die blokkies hieronder.

Hoeveel dae is daar in September? .....

7	31	1	30

12.2 Kies die korrekte woord uit die blokkies hieronder.

Op watter dag van die week val 24 September?

.....

Woensdag	Maandag	Donderdag	Sondag

12.3 Wat is die datum van die eerste Sondag van die maand?

.....

13. Hier is 'n prent jie van Vuyo se huis en sy familie. Skryf 'n storie met ten minste 4 of 5 sinne oor die prent jie hieronder.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

TOTAAL : 20